Since deregulation, industry structures have gone from strength to strength and the industry owes a lot of its success to what the industry structures have achieved. I am sure that I have left out many, many aspects where the industry structures have played a huge role and made a huge difference to my business and the industry businesses.

I spent some six years on the National Agriculture Marketing Council and there I saw that an industry with strong industry structures who were able to lobby “for government support” and “government’s ear”, achieved far more than those industries that did not have these structures.

ORGANIZED AGRICULTURE

While I have no doubt that the majority of producers support organized agriculture structures, very few have the time and inclination to want to become involved. So organized agriculture structures rely on strong well-trained management that has to play a pivotal role in managing the affairs of the industry. While this strong management structure has to get on with the day to day activities and work to achieve the best outcomes for the industry, they must always be accountable to the grass-root producers.



Peter Dall

A good example is industry structures need to play a strong role in lobbying and pressurizing the Government to implement market access and providing all the necessary support information and growers greatly appreciate this work and while they are not involved, they need to be informed on a regular basis as to the progress in this regard.

The danger of getting too lean and mean, is that the expertise that is developed in just a few people and succession becomes a problem. I believe the industry already has some succession challenges, with Dappies Smit and Richard Hurndall already retired. In Hugh Campbell, Anton Rabe, and Louis van Zyl - succession planning will be critical while we try and remain lean and mean. It is a given that the Government will not be providing any services in the future and everything from market access, research, plant improvement, new variety development, transformation, has to be driven by the industry itself.

STAYING RELEVANT

I believe the Covid-19 pandemic has just once again proved how important it is to have a strong and vibrant industry structure representing all deciduous fruit growers of South Africa. As Anton Rabe said, working from home, he has never been so busy, the strength of a strong industry body has never proved itself more worthwhile than at present. In no small measure as a result of this strong industry structure that the agricultural industry in general but the horticultural industry, in particular, was able to continue functioning with very few restrictions through the entire lockdown period.

The strong industry structure was the saviour of the South African horticultural industry.

8

NICHOLAS DICEY

Hortgro Chairman (2010 - current)

SAAPPA (2000 – current)

SAAPPA Chairman (2006 - current)

Industry structures such as Hortgro Pome help to create an enabling environment for individuals within the industry to ensure that they can address all the challenges that they are faced with in their day to day functioning as fruit producers.

As a collective Hortgro addresses the issues that are too costly or complex for producers to manage on an individual basis and thus ensures that they remain competitive and viable in the agriculture space.

It has enabled us to remain competitive in an environment which is faced with increasing technical, environmental, political and economic challenges.

CHANGING DEMANDS

The demands on the industry have increased dramatically. Activities that previously were managed and attended to and sorted out by other institutions (government and associated departments) are increasingly becoming or have become the responsibility of the industry organisations who have had to start managing these non-traditional activities on behalf of its producers.


This shift has forced those involved in managing the industry structures to become experts in a wide range of activities and has put pressure on the management of costs. The pressure of the higher demands required that the industry bodies had to become more professionally run entities with increased measured outputs being expected from its constituency.

The future industry structure will be managed by individuals who not only will have an intimate knowledge of their specific field of expertise but also a knowledge of a wide range of general industry matters.

The boards of directors will preferably be producers from the industry who will strategically be able to guide the industry in a direction where the challenges facing the industry will be addressed.

The challenges and demands facing producers will be ever-evolving and outputs from industry bodies will be scrutinised more closely by its members (producers) who will continue to look for better returns on their investment.

By pre-empting the needs and challenges faced by the deciduous industry and effectively addressing this Hortgro Pome can continue to ensure that the South African deciduous fruit producer remain competitive and produce a product sought after by the international market.



La Plaisante during the cold winter in 1982, after first fruit orchards were laid out.

Onthou
die
appels

Granny Smith

Enjoy them
Fresh. Baked. Stewed.
In pies. In tarts.
In souffles.



The versatile apple

Granny Smith
Enjoy them
Fresh. Baked. Stewed.
In pies. In tarts.
In souffles.

YOU'LL LOVE

2oz
APPLE THRIFTPAK
APPEL SPAARSAK
CLUBS/VLAAS

2oz
APPLE THRIFTPAK
APPEL SPAARSAK
CLUBS/VLAAS

2oz
APPLE THRIFTPAK
APPEL SPAARSAK
CLUBS/VLAAS

2oz
APPLE THRIFTPAK
APPEL SPAARSAK
CLUBS/VLAAS

GOOD
FOR
YOU

BUY
APPLES IN
THRIFTPAKS

AND
THRIFTY
TOO

Dairy Maid

Onthou
die



Historical Record of Chairmen & Vice-Chairmen

	1990	c. <i>SP Malherbe</i>
		vc. <i>F Malherbe</i>
c. <i>SP Malherbe</i>	1991	
vc. <i>SJ Malherbe</i>	1992	
	1993	c. <i>JT Basson</i>
c. <i>JT Basson</i>	1994	
vc. <i>BJ Mong</i>	1996	

C. <i>BJ Mong</i>	{	1997	}	C. <i>BJ Mong</i>
		1998		
		1999		
C. <i>BJ Mong</i>	{	2000	}	VC. <i>NJ Steenkamp</i>
VC. <i>A Le Grange</i>		2001		
	{	2003	}	C. <i>LJ Eksteen</i>
C. <i>LJ Eksteen</i>		2004		VC. <i>A Le Grange</i>
VC. <i>GJ Carinus</i>		2005		
	{	2006	}	C. <i>H Lötter</i>
				VC. <i>PJ Roos</i>
C. <i>P de Necker</i>	{	2010	}	
		2011		
VC. <i>PJ Roos</i>		2012		
	{	2013	}	C. <i>P de Necker</i>
				VC. <i>A Smit</i>
C. <i>A Smit</i>	{	2015	}	
		2016		
VC. <i>R Graaff</i>		2017		
	{	2018	}	C. <i>A Smit</i>
				VC. <i>D Theron</i>
		2020		



PIETER DE NECKER

SASPA Voorsitter (2011-2015)

Bedryfstukture is ononderhandelbaar. Dit is 'n moet, want daarsonder gaan daar geen manier wees hoe jy jou bedryf gaan organiseer nie. Jy moet kan onderhandel, met wie ookal, van 'n gevestigde basis af.

Hortgro het 'n ongelooflike verskil aan ons besigheid gemaak. Die wêreld is wild daar buite en om internasionaal te kan onderhandel ten opsigte van byvoorbeeld MRLê, marktoegang, die daar stel van standarde en vele ander binnekring-aangeleenthede kan net gedoen word deur sterk bedryfstukture. Ek as individu staan nie 'n kans nie.

Deur die jare, het dinge baie verander. Destyds, met Capespan, was die wêreld gemaklik, maar jy het geen seggenskap gehad oor jou produk nie. Dit was 'n deurmekaar spul na deregulering. Elkeen kon en wou bemark. Daar was chaos in sekere bedrywe. Gelukkig met gesonde verstand het die eerlikes oorgebly om te bemark en is hulle vandag ook ingetrek in bedryfstukture.

Hoe die ideale bedrystruktuur lyk? Dis 'n moeilike vraag, maar soos ek dit sien vir die volgende drie tot vyf jaar gaan dit baie dieselfde bly. Daar is onlangs veranderinge aangebring in Hortgro se stuktuur. Veranderinge vind plaas soos die behoeftes ontstaan. Ek sou graag wou sien dat steenvrugte meer kon bydrae tot navorsing; die dag sal seker nog aanbreek.

Hortgro kan relevant bly vir die vrugteprodusent deur te alle tye betroubaar en eerlik te wees. Daarbenewens moet die organisasie op hoogte bly met die nuutste tegnologie en internasionale veranderinge. En dit in “produsente taal” deurgee aan produsente.

As organisasie is dit ook belangrik om aan produsente “die gesig” te wys wat hom/haar verteenwoordig. Inligting soos uitgawes en heffings moet ook op 'n deursigtige manier aan produsente deurgegee word.

Ek dink Hortgro het geweldig aansien by produsente verwerf met die werk agter die skerms met die koronavirus-situasie en om dit daagliks aan produsente deur te gee. Weer 'n bewys dat daar 'n goed-georganiseerde bedryfstuktuur moet wees. Sommer hiermee aan almal dankie sê wat hiermee betrokke was.



10

CHARL STANDER

SASPA (2009 - tot hede)

Die doel en rol van die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf raak al hoe belangriker vir die toekoms...en 'n absolute noodsaaklikheid.

In die tydvak waar ons onself tans bevind is daar feitlik geen ondersteuning en hulp van die regering se kant nie. Elke bedryf is op homself aangewese vir oorlewing. Om hierdie uitdaging te bowe te kom moet jy jouself goed organiseer, finansieel onafhanklik wees en jou eie besluite tot voordeel van die bedryf neem.

Die onderhandelings en “gesig” in die markomgewing, hetsy MRL, bemarkingsontwikkeling, marktoegang, navorsing, ensovoorts kan net deur die bedryf gedoen word - deur as die spreekbuis van die produsente op te tree. Kyk mens na die “minor crops” waar gekoördineerde strukture (om verskeie redes) ontbreek, sien mens die gestoei en gesukkel.

Weens die beweging na geprogrammeerde en direkte bemarking word die vereistes van die ontvangers, in die geval die supermarkte, direk op die produsent, pakhuis en uitvoerder geprojekteer.

Deur hierdie vereistes na te kom, is die onderhandelaar en gesig weereens die bedryfstrukture en die kanaal waardeur die inligting heen en weer vloei. Om in die groter omgewing op jou eie iets te probeer doen, werk moeilik. Die verskil is dus om gouer nuwe geleenthede te benut en die ontvanger tevrede te stel om volhoubaar sake te doen.

Lank gelede tydens die vorige bedeling van die eenkanaalbemarkingskema was die bedryf se sake redelik in plek met bepaalde beperkings vir individue. Gaandeweg met die vryemarkstelsel wat in werking gekom het nadat die bemarkingswette geskrap is, was daar 'n tydperk van eie besluitneming en ietwat ongekontroleerde en ondeurdagte optrede en denke. Dit was vir die bedryf en sommige produsente negatief. Kort voor lank is die situasie omgeswaai na samewerking en kollektiewe bedinging soos ons dit vandag ken.

Die toekoms sal baie soos nou lyk. Ek sou wou sien dat meer produsente meer aktief betrokke raak by die bedryf deur bv. byeenkomste by te woon en idees deur te stuur en dat tweerigting-gesprekvoering meer sal plaasvind. Ek sou ook wou sien dat die bedryf sy eie navorsing en projekte en alles wat nodig is vir volhoubare toekomsgerigte produksie self kan doen en finansier.

Dit is miskien nie so maklik nie, maar die fokus moet daarheen skuif.

BLY RELEVANT DEUR:

- ❸ Goeie verhoudinge met aandeelhouders (produsente).
- ❸ Betroubaar en geloofwaardig te wees.
- ❸ Die stem en verlengstuk van die produsent te wees.
- ❸ Op hoogte te bly met nuutste neigings en tegnologie.
- ❸ Vinnig en akkuraat inligting vanaf mark te verkry en te versprei.
- ❸ Betroubare en aanvaarbare inligting na die mark te versprei.
- ❸ Inligting van ons kompetisie uit ander Suidelike Halfrond lande te versamel.
- ❸ Trots by aandeelhouders te vestig.
- ❸ Hoog en geloofwaardig geag te word deur regeringskaders.
- ❸ Aansien binne die groter landbougemeenskap en algemene publiek te vestig.



Vrugte en vrugtetegnologie kursusse wat jaarliks deur Navorsingsinstituut aangebied word, 1973.

KOBUS EIGELAAR

SASPA (1997 - tot hede)
SAAPPA (2018 - tot hede)

Bedryfsstrukture vir die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf is baie nodig.
Die doel is om die belange van die vrugtebedrywe te koördineer betreffend:

- ⑤ Onderling tussen alle formele landbou strukture;
- ⑤ Kommunikasie tussen bedrywe vir markuitbreiding en -vestiging;
- ⑤ Ontginning van tegnologie moontlikhede;
- ⑤ Beskerming en bevordering van landboubelange.

Die bedryfsstrukture hou besighede ingelig en paraat. Die feit dat amper al die bedrywe in een struktuur verteenwoordig word, het goeie kruisbestuiwing tot gevolg en duplisering verminder en kostes bespaar.

Ek is langer as 30 jaar deel van die vrugtebedryf se landbou strukture. Dit was 'n voorreg en kon ek die fases van Capespan en die eenkanaalbemarkingsstelsel tot nou, waar die bedryfsstrukture dramaties verander en die wêreld veel meer ingewikkeld geraak het, beleef. Die onbaatsugtige leierskap in die sagtevrugtebedryf se strukture, produsente en georganiseerde landbou het die vrugtebedryf deur diep driewe getrek tydens die oorgang van 1994 na 'n oop ekonomie. Die opleidingsvlakke van produsente is baie hoër as toe ek op die bestuurstrukture begin dien het. Die sagtevrugtebedryf is goed geposisioneer en het die vermoë en kapasiteit om 'n leidende rol te speel en om die uitkomst vir die toekoms te bestuur.

Die vrugtebedryf kan maklik die plek, wat oor dekades oopgewerk is, in die internasionale arena verloor as daar nie 'n fokus is op tegnologie, wetenskap en die volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse vrugtebedrywe in 'n kompeterende globale wêreld nie. Die geo-politieke skuiwe van die toekoms kan 'n groot impak hê op markte se toegang.

Vrye handel en ekonomiese groei in Afrika kan die vrugtebedrywe help groei. Die rol van die regering om die markte met diplomatieke onderhandelinge oop te maak, is krities en die bedryfsstrukture is in die hoedanigheid uiters belangrik. Sterk leierskap, kundigheid, produsente met kapasiteit en “mean and lean” komitees, wat die kompleksiteit van die omgewing waarin die vrugtebedrywe funksioneer verstaan, is nodig. Dit sal die ideaal wees indien die tafeldruiwe, sitrus, avokadopere en die bloubessies in dieselfde strukture opgeneem kan word.

WONDERBOERE

In die Capespan-dae het ek by ’n vergadering gesê dat ons “wonderboere” is – ons “wonder” heeltyd wat die produkte wat ons lewer se waarde is en wat die bemarkers daarmee doen. Die staaltjie se strekking het verander. As die regte bemarker deel van jou span is, is jy nou ’n “wonderboer” wat met tegnologie, goeie bestuur en nuwe plaaspraktyke veel meer vrugte met dieselfde hulpbronne, kan lewer.

As ’n ou visserman is daar ’n gesegde dat die beste stuurman altyd aan wal staan. Ons moet net versigtig wees dat dit by wyse van spreke nie op ons van toepassing raak nie.



Pear orchards planted in Helderberg, 1982.

PETRU DU PLESSIS

SASPA (2013 - tot hede)

Die vrugtebedryf het wat my aanbetref baie verander gedurende die laaste jare. Onthou, 25 jaar terug was daar nog nie selfone nie, die wêreld het stadiger gedraai met min of geen e-pos, geen WhatsApp, geen sosiale media, slegs gedrukte media, Massey Ferguson trekkers en Toyota 2.4D bakkies...

Spoed op plase was laer, kultivars was minder eksoties. Pakstore het nog nie met kameras gesorteer nie en skepe het nog 20 of 21 dae geneem om in Europa te kom. Daar was 'n eenkanaalbemarkingsstelsel via Capespan en Outspan. Uitvoerders het eers het eers vanaf 1997 en 1998 die geleentheid gekry om te begin sake doen in die buiteland.

Die snelheid en veral kompleksiteit in die vrugtebedryf het dus in so mate toegeneem, dat 'n produsent nie meer veilig op sy eiland kan produseer nie. Die natuurlike gevolg is dat die sagtevrugteprodusenterraad, deesdae Hortgro, meer en meer relevant geraak het.

Deesdae kan produsente nie meer produseer sonder voortgesette insette van bedryfsorganisasies nie. Ons is blootgestel aan 'n magdom buitelandse genetika (veral ook omdat die LNR-teelprogram opdraende ondervind) en Provar help dink en evalueer.

Marktoegang, chemie en fitosanitêre oorloë speel homself in die agtergrond af. Hortgro Science hou ons in kontak met navorsing in verafgeleë jurisdiksies, maar bestuur produsente heffings op eie bodem, om plaaslike probleme te bowe te kom. Inligting word oorgedra na produsente met relevante simposiums, velddae en seminare. SAPO hou ons bedryf se plantmateriaal vry van insekte, swamme en virusse, terwyl FruitFly Africa 'n geveg aan het om ons boorde en vrugte te beskerm teen aanslae van insekte. Ons kry, gedurende die seisoen, 'n gereelde opdatering en blik van oesskattings, asook marktoestande, met data wat enkele ure oud is.

Produsente is dus meer ingelig oor die markte wat hul bedien, asook prystendense. Die moderne produsent is dus meer ingelig oor stand van besigheid op sy eie perseel, maar ook van omstandighede in die buiteland. Hoër eise word egter gestel en GlobalGAP, Sedex en Siza, en menigte ander sertifiseringsvereistes land op sy tafel. Hortgro help met die kristallisering van die menigte inligting na implementeerbare werklikhede.

'n Produsent het nie die tyd en fokus om bedryfsaangeleenthede op sy eie aan te pak nie. Die speelveld is nie aldag gelyk nie en Hortgro veg veral nasionale en internasionale gevegte. 'n Moderne boerdery is 'n komplekse besigheid in vergelyke met 25 jaar terug. Destyds was daar nie iets soos GlobalGAP, Siza, Field to Fork, Grondhervorming, Phytclean, en 'n oop internasionale stelsel wat plantmateriaal aanbetref nie. Produsente moet aan soveel vereistes voldoen en kophou van soveel aspekte; Hortgro help die aanslag versag.

Die toekoms is enigeen se raaiskoot. Van die aangeleenthede wat aangespreek moet word deur Hortgro, is nog nie eens geïdentifiseer nie. Veral omdat nuwe geleenthede en gevare skielik hul opwagting maak. Die moderne struktuur moet dus gereeld sy radar inspan om risiko's en gevare wat ons voortbestaan bedreig, waar te neem. Iets soos die aanwesigheid van 'n virus of viroïed in ons plantmateriaal, of fitosanitêre blokkasies deur EU of UK, of marktoegang of toegang tot moderne nuwe kultivars is voorbeelde van versekering dat ons bedryf voortbestaan. Ons bedryf kan ook baie leer by internasionale kollegas d.w.s kennisuitruiling met buitelanders sal altyd leersaam en interessant bly. Ons is een van die min bedrywe in die wêreld waar navorsing en innovering, plaaslik en wêreldwyd, op groot skaal gedeel word. Waar inligting en IP met groot sorg teen die bors gehou word in die selfoon, elektroniese, motor-bedryf en andere, is vrugteprodusente en navorsingskantore reg oor die wêreld bereid om gereelde inligting te deel.

Ek was 'n paar jaar gelede in Spanje opsoek na die ideale uitleg van steenvrugpakhuis en koelkamers. Ek het 'n afspraak met 'n vername pakhuisbestuurder net buite Seville gehad. Ek en 'n bedryfsingenieur spandeer toe twee ure saam met die pakhuisbestuurder, in hul piektyd in die steenvrugpakhuis. Die Spanjaard antwoord met groot beskeidenheid en geduld al ons vrae en toe ons afspraak tot 'n einde kom, groet ons. Buite gekom, loop ons in die besigheidseienaar, Juan Orero, raak. Juan wil weet waarvandaan ons kom, en waarin ons belangstel.

Te ek noem ek is 'n steenvrug-adviseur en produsent, helder sy gesig op en vra of ons sy nuwe eksprimentele boord met 250 nuwe steenvrugkultivars wil sien. Ek duik vir die geleentheid en vyf minute later smul ons aan die heerlikste ryp steenvrugte. Gesels land en sand. Ons groet later met 'n grommende maag (almal wat al van 'n Suid-Afrikaanse winter noorde toe gereis het en te vinnig hulle somervrugte geproe het, ken die gevoel).

Ses maande later, bel Johan Jooste (tevore van Sunworld, Paarl) my op 'n besige oesdag. Hy wil hoor of hy oorsese besoekers ons steenvrugboorde kan kom wys. Dis bietjie kort kennisgewing, maar ek stem in. En wie klim die middag by my steenvrugboorde uit? Ola! Juan Orero. Johan Jooste kon glad nie verstaan hoekom ons mekaar om die hals val en so lekker raas en gesels nie...die vriendskappe van die vrugtebedryf strek baie verder as net plaasgrense.

Interessant genoeg, vir mense wat lank reeds in pruimbedryf werk: ons het 25 jaar gelede met “simpel en suur” pruimkultivars geboer soos Santa Rosa, Ruby Nel, Harry Pickstone, Gaviota, Casselman. Indien ons dus nie aangepas het na die wonderlike en eksotiese Black Pearl, Sun Kiss, Honey Punch, Sun Supreme, GreenRed, African Delight, Ruby Star en Fall Fiesta nie, sou ons bedryf nie meer relevant gewees het nie. GlobalGAP en Siza het verder verseker dat ons boerderye meer gekalibreerd optree teenoor internasionaal aanvaarde standaarde, die werkers in ons bedryf mooi versorg en ondersteun (ongeach wat die regering van die dag sê) asook die grond en omgewing meer volhoubaar maak. Ons bedryf ploeter dus nie bloot vooruit nie. Ons bedryf floreer, groei en skep werkseleenthede. Ons stap die pad saam met wonderlike vriende en die natuur se skoonheid inspireer ons elke dag om nog beter te doen. Voorwaar 'n bedryf om te geniet en op trots te wees.

'N PERKINS-ENJIN OMSKEP NIE SOMMER ENIGE TREKKER IN 'N MASSEY FERGUSON NIE.



deur

FedMech

Massey Ferguson gebruik reeds sedert 1952 Perkins-enjins om hulle trekkers aan te dryf.

Vanweë hulle betroubaarheid en ekonomie sal Perkins-enjins binnekort die meerderheid trekkers wat in die Republiek van Suid-Afrika vervaardig of gemonteer word, aandryf.

Maar dieselfde enjin beteken nie noodwendig dieselfde trekker as 'n Massey Ferguson nie.

Geensins nie. 'n Trekker behels veel meer as net 'n enjin. Massey Ferguson ontwerp reeds vir baie jare hulle trekkers om by die Perkins-enjin te pas.

Die kragoorbringstelsel, hidroulika en kragtakker — om die waarheid te sê, alles is ontwerp om perfek saam te werk, om die merkwaardige doeltreffendheid van hierdie enjin af te rond. Massey Ferguson en Perkins is die perfekte kragspan en die perfekte keuse vir u.

***** Die jongste OECD-toetse het bewys dat die Massey Ferguson/Perkins-kombinasie met een van die mees ekonomiese brandstofverbruike ter wêreld spog.

 ANDRÉ SMIT

SASPA/Hortgro Stone
Voorsitter (2015 - tot hede)

Bedryfstrukture is nodig om die Suid-Afrikaanse steenvrugbedryf 'n oorkoepelende identiteit in die mark te gee. Dit dien as beeld en spreekbuis en gee geloofwaardigheid aan Suid-Afrikaanse steenvrugte in die mark.

Hortgro Stone koördineer marktoegang, asook navorsing en evaluasie van nuwe kultivars namens produsente. Die naamsverandering vanaf SASPA (Suid Afrikaanse Steenvrugte Produsente Vereniging) na Hortgro Stone het ook meegewerk om die bedryfstruktuur te belyn met die mark waar ons produk moet kompeteer. 'n Hooffokus van die bedryfstruktuur is om met die regering as vennoot, nuwe markte te open en die behoud van bestaande markte te verseker. Hiervoor is hoogs tegniese en wetenskaplike feite nodig om fito-sanitêre kwessies sinvol aan te spreek. Dit is nie funksies wat deur individue verrig kan word nie.

Hortgro Stone het saam met Hortgro Pome 'n versameling van proefpersone ontwikkel om die produsente te diens t.o.v. evaluasie van nuwe kultivars. Ons is in die onlangse verlede oorval met nuwe, ingevoerde kultivars wat nie behoorlik onder plaaslike toestande getoets is nie. Dit het in sommige gevalle tot duur foute gelei met IP-eienaars wat op die produsent se rekening en risiko, met kultivars in Suid-Afrika eksperimenteer. Slegs 'n bedryfstruktuur wat in voeling met die produsent se behoeftes is, kan 'n oplossing hiervoor bied en help om 'n bedryfsomgewing te skep waarbinne die steenvrugte waardeketting winsgewend en volhoubaar kan groei. Ons moet.

UITDAGINGS

Die grootste uitdaging van die steenvrugbedryf is om te kompeteer vir die aandag en kosmandjie van die verbruiker binne 'n mark wat reeds oorvol met aanbiedings van vrugte en ander verbruikersgoedere is. Die “geraas in die marksaal” is oorweldigend en ons moet 'n stem en 'n gesig wees vir ons produk en land van oorsprong deur die aanbieding vir die verbruiker die moeite werd te maak deur 'n uitmuntende smaak en eet ervaring. “Fruit is grown for eating, not only for selling.”

Een van ons uitdagings is om die regering te oortuig dat ons 'n waardevolle vennoot en medewerker is binne die nasionale ekonomie en betekenisvolle oplossings kan bied in gemeenskappe en plaaslike ekonomieë deur die waardeketting van ons bedryf betekenisvol te transformeer. Daardeur wil ons nuwe toetreders van voorheen benadeelde groeperings ondersteun om met dieselfde passie en ywer as die gevestigde steenvrugprodusente te groei en te ontwikkel om wêreldklas te wees.

Hiermee saam moet ons (die bedryfstruktuur) die gaping vul wat deur 'n toenemend kwynende regerings en institusionele kapasiteit gelaat word. Dit gaan 'n groter las op die produksiebasis plaas en slegs kollektiewe aksies maak dit bekostigbaar vir individuele besighede.

Hoe het SASPA Hortgro Stone geword?

In die SASPA-era het ons groot produsente-rade gehad waarvan die lede almal direkteurstatus gehad het. Uitvoerende besluite is geneem deur 'n dagbestuur wat uit die voorsitter, onder-voorsitter en Hortgro se uitvoerende direkteur bestaan het. Hierdie situasie was in 'n veranderende besigheidsomgewing nie volhoubaar nie. Toenemende aanspreeklikheid en 'n bedryf wat al hoe meer en vinniger besluite oor uiteenlopende kwessies moes neem het 'n struktuurverandering genoodsaak.

Daar is derhalwe besluit om die direksie te verklein na maksimum vier direkteure wat in wese as 'n vergrote dagbestuur dien. Hierdie struktuur gee meer buigsaamheid en skep 'n vermoë om dringende besluitneming te kan neem vir operasionele uitvoering deur Hortgro. Die produsenteraad wat steeds die produksie areas en belangegroep verteenwoordig, het in die opsig steeds verteenwoordiging en beheer in die aard, omvang en finansiering van bedryfsfunksies en -dienste. Die produsenteraad keur ook steeds die jaarlikse begroting goed en stel die direksie aan. Hierdie verkleinde formele struktuur is in lyn met 'n nuwe benadering waar direkteure verantwoordelikheid neem vir funksionele portefeuljes en nie slegs streeksverteenwoordigers is nie.




**THROUGHOUT THE
YEARS, THE INDUSTRY
AND THE PRODUCERS
HAVE SHOWN
RESILIENCE.**

**HORTGRO IS COMMITTED
TO INSPIRE, INCLUSIVE
GROWTH.**







Appel-liefies ?

Verward? Moenie wees nie — ons praat van Pillo-Pak, die veilige, sekere appelverpakking. Met Pillo-Pak bereik appels boomvars hul bestemming, net soos u hulle verpak het.

Pillo-Pak Vrughtehouers en Netlon Voëlnette word vir die Suid-Afrikaanse Vrughtenywerheid vervaardig deur

VAN LEER VERPAKKINGS (EDMS) BPK.

Posbus 25, Howard-Oord, Kaapstad. Telefoon: 53-6481

